

ways in which the ancients coped with realities of life (other ways may have been ritual and community support). It presents a rationalized account of life and death, reminding readers of the painfulness of life and of death as a release from ills.

It goes without doubt that Jerome's letter to Heliodorus is a very important piece of consolatory writing and that Scourfield's commentary is a solid contribution on many aspects of ancient consolation. The presentation of the book is excellent, in keeping with what we have come to expect of books published by Oxford University Press. The introduction possibly is a bit too optimistic about the extent to which Jerome's letter shows an acceptance of pagan culture (should not the latter argument be qualified?). Finally, for those who are interested in the shaping of human emotions, the book is of rather limited use. Compared to recent books on related topics — John Winkler's book on sexuality and that of David Konstan on love in the ancient novel —, which deal with topics in literature in a much broader context, *Consoling Heliodorus* has missed an opportunity to bring us fully up to date with pagan and Christian ideas on grief and bereavement.

#### NOTES

1. Cf. Carol Z. Stearns and Peter N. Stearns (eds.) *Emotion and Social Change*, New York/London 1988.
2. See the remarks made by Peter Garnsey, 'Child Rearing in Ancient Italy', in David I. Kertzer and Richard P. Saller (eds.) *The Family in Italy: from Antiquity to the Present*, New Haven and London 1991, 57 on the 'twisted wisdom of the medical profession' where babies are concerned.
3. Cf. Lawrence Stone, *The Family, Sex, and Marriage in England, 1500–1800*, London 1977; Edward Shorter, *The Making of the Modern Family*, New York 1975; E. Badinter, *L'amour en plus: histoire de l'amour maternel, XVIIe–XXe siècle*, Paris 1980.
4. Brent D. Shaw, 'The Cultural Meaning of Death: Age and Gender in the Roman Family', in David I. Kertzer and Richard P. Saller (eds.), *The Family in Italy: from Antiquity to the Present*, New Haven and London 1991, 66–91.

M. KLEIJWEGT

University of South Africa

'N STILISTIESE ANALISE VAN DIE *AD DIOGNETUM*  
deur L.V. le Roux, *Acta Academica*, Supplementum 2, 1993.

In 1986 het Dr. le Roux aan die Vrystaatse Universiteit onder leiding van prof. A.H. Snyman gepromoveer met 'n proefskrif, 'n Literêr-estetiese

*analise van die Ad Diognetum*. 'n Verwerking hiervan, toegespits op die stylelemente in die *Ad Diognetum*, wat nou as 'n monografie verskyn het, is 'n baie welkome bydrae tot die lees en verstaan van die Diognetusbrief. Die geskryf het deur die eeu wye belangstelling geniet en is van verskeie kante met kommentaar bedien wat veral op die filologiese, historiese en theologiese, maar sporadies ook op die literêre aspekte gefokus het. Hierdie is egter die eerste spesifiek stilistiese analise en as sodanig ook 'n vernuwendende bydrae tot die lees van antieke tekste aangesien die stilistiek wat in die antieke Griekse geskrifte so 'n groot rol gespeel het, verbasend genoeg nie meer as terloopse opmerkings in kommentare geniet nie. Stilistiek het wel in Eduard Norden se bekende *Die antike Kunstsprosa* en Lausberg se *Handbuch der literarischen Rhetorik* indringend aandag geniet, maar origens het klassici nie genoegsame aandag aan styl (behalwe aan tipiese stylfigure) as sodanig gegee nie. Trouens, styl is selde breër as die sg. stylfigure beskou. Schwyzer se groot standaard *Griechische Grammatik* en Smyth se *Greek Grammar for Colleges* wat wel 'n afdeling oor styl bevat, gee maar ook net 'n oorsig oor die sg. stylfigure.

In hoofstuk 1 wys Le Roux tereg, in terme van die algemene literatuurkunde, op 'n nuwe siening van styl as die keuse wat 'n skrywer maak uit al die menigte taalmiddele soos klanke, woorde, sinne, paragrawe, stylfigure, argumente en para-linguistiese elemente, asook diskoperspatrone en genrekonvensies om 'n gedagte by die leser huis te bring. Trouens speel diskopersanalise in Le Roux se boek 'n primêre rol as stylelement. As sodanig word die tradisionele tien hoofstukke van die *Ad Diognetum* op sterkte van 'n linguistiese kolonanalise wat nog verder in nukleêre eenhede ontleed word, in 21 perikope verdeel wat elk in detail stilisties ondersoek word. Dit vorm die kern van die boek (Hoofstuk 2) vanaf p.9 tot p.123.

Hoofstuk 1 is 'n kort maar duidelike inleiding oor die literatuurtipe, oor styltipering en stylmiddelle waaronder veral die sentrale faset van styl in terme van impak en appèl aan die orde gestel word. Impak is 'die krag waarmee 'n stylmiddel die leser of hoorder tref en sy aandag op die semantiese inhoud vestig'. Appèl is 'die mooiheid of estetiese aanvaarbaarheid van 'n stylmiddel'. Beide staan in verband met assonansie; epanatoma; fonologiese klimaktiese opbou (incrementum); begin- en endrym; fonologiese ringkomposisie; herhaling van dieselfde klanke in opeenvolgende woorde; afwisseling van klanke in opeenvolgende woorde; paronomasia; polyptoton; sinonieme; woordpare (nie sinonieme nie); woordplasing (begin of einde); woorde afwisselend gegroepeer in getalle van twee of drie; hendiadys; oxymoron; anastrophë; herhaling van dieselfde sinslengtes; reëlmataige afwisseling van sinslengtes; uitroepsinne (wat gemoedsgesteldheid van die skrywer verraai); afwisseling van grammaticiese kategorieë; ens. Nog 34 sodanige items op p.5 genoem voltooi die lys van sake waaraan Le Roux

aandag gee. Hoofstuk 1 bevat ook 'n kort stel van sy metode van ondersoek.

Hoofstuk 3 sluit die monografie af met 'n opsomming van die gedagtegang van die *Ad Diognetum* gebaseer op die perikoopanalise, gevolg deur 'n skematisering van die samehang van die perikooptemas en 'n evaluering van die stilistiese effek wat bereik word. Heel aan die einde gee Le Roux ook 'n vertaling van die Griekse teks wat die gedagtegang soos uit die analises blyk, wil laat deurskemer al is dit weens die redelik noue binding aan die segswyse van die teks nie alte duidelik nie.

Le Roux se monografie is gewis 'n bydrae wat elke klassikus op die rak moet hê — veral ook omdat styl in hierdie werk alles omvattend is. Kundige lezers sal moontlik elemente raaksien wat bygevoeg kan word en sal soms met Le Roux in diskussie wil tree oor die relevansie van elemente, maar dit sal moeilik wees om sy onderskeidings lynreg te betwissel. Die werk is baie beheers en nougeset uitgevoer.

Om detailaspekte aan te roer net om vir die leser van hierdie resensie te wys dat jyself genoeg van die onderwerp weet om ander aksente te plaas sal die doel mis om 'n goeie publikasie aan te beveel. Daarom is dit meer gepas en nuttig om enkele grepe uit die werk as 'illustrasie' voor te hou ten einde te illustreer wat die leser van die boek te vindé het.

Die eerste perikoop bevat slegs twee baie lang kola waarvan die eerste met 13 nukleêre sintaktiese eenhede gebou is en tweemaal so lank is as die tweede met 7 eenhede. Le Roux bestee meer as ses bladsye om aan te toon hoe die outeur 'n wye reeks stylmiddele aanwend om, soos dikwels in antieke geskrifte, besondere aandag aan die inleidende sin(ne) te bestee. Die eerste kolon het verder 'n drievoudige herhaling van dieselfde gedagte wat elk in verskillende boupatrone gegiet word. Die tweede kolon het sy matrys sentraal met drie nukleêre uitbreidinge daarvoor en daaragter. Hierdie stylvorm bied nie net goeie balans nie, maar dra ook by tot die kohesie van die teks. Kolon 1 is in essensie 'n periodos waarin die bepalende gedagte teruggehou word tot die einde om prominensie te verhoog. Verder word die leser gewys op chiastiese en parallelistiese ordenings. Referensiële merkers soos τίς wat in kolon 1 driemaal as vraag benut word, kom telkens in 'n ander naamval voor (τίνι, τίνα, τι) om die morfologiespel bekend as polyptoton te realiseer, en elke keer staan die merker in sy nukleêre eenheid vooraan om aandag te trek. Le Roux wys ook hoe indikatiewe en partisipiale konstruksies awissel, versterk deur fonologiese paronomasia (νομιζομένους ... λογίζονται) en assonansie (νομιζομένους ... θεούς) om esteties luister te verleen aan die lees van die sin — veral as onthou word dat in die antieke lees meestal hardop gedoen is.

Rangskilkingspatrone word telkens uitgewys op fonologiese vlak soos, byvoorbeeld, in perikoop 5 waar die hele perikoop met die negatief begin in elk van die 7 nukleêre eenhede, gevolg deur 'n a-privatiwiese adjektief

in die middeldele om estetiese effek te verleen en impak te verhoog en so die leser se aandag vas te vang: ou, ou, oux α-, oux α-, oux α-, ou, ou. Inhoudelike rangskikking van items word dikwels patroonmatig aangebied in die *Ad Diognetum* soos in perikoop 3 waar boumateriale soos volg in die kola mekaar opvolg:

Klip	1	Baie min werd
Brons	2	Redelik waardevol
Hout	3	Baie min werd
Silwer	4	Baie werd
Yster	5	Redelik waardevol
Pottebakkersware	6	Baie min werd

Drie newe-temas volg uit dié kommentaar wat die skrywer van die *Ad Diognetum* op die ses tipes boumateriaal maak, naamlik dat elk diensbaar is aan die mens, verganklik en hulpeloos is. Deur die ordening wat gekies is word baie herhalings vermy wat andersins by elk van die ses nodig sou wees. Verder word die eerste newe-tema slegs driemaal genoem, die tweede slegs tweemaal en die derde net eenmaal.

Die stylpatrone van die *Ad Diognetum* toon gewis dat die onbekende skrywer beslis iemand van besondere eruditie was.

J.P. LOUW

Universiteit van Pretoria

# ACTA CLASSICA



*Acta Classica* is published annually by the Classical Association of South Africa. The journal has been in production since 1958. It is listed on both the ISI and the SAPSE list of approved publications.

For further information go to:  
[http://www.casa-kvsa.org.za/acta\\_classica.htm](http://www.casa-kvsa.org.za/acta_classica.htm)